

# ATKV-betrekings

## ATKV-Bufferpoort

### Rekenmeester

Die ATKV is 'n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het 'n vakature vir 'n gekwalifiseerde rekenmeester by sy vakansieoord, ATKV-Bufferpoort.

Die ATKV volg 'n gelyke-indiensnemingsbeleid.

#### Vereistes

- 'n BCom-graad met rekeningkunde as hoofvak.
- Minstens drie jaar se ondervinding as rekenmeester in krediteure, aankope, maandsluitings en rekonsiliasies. Ervaring met die boekstelling van betalings, verwerking van grootboektransaksies en rekonsiliasie van hulpboeke, bankstate, kredietkaarte en intergroepransaksies.
- Vertroud met kontanthering, banke en kontant- en bankrekonsiliasies.
- Kennis en ondervinding van die opstel van salarisse en sekere oorbetalings en ouditprosedures.
- Kennis van en ondervinding met Sage Intacct en Sage Pastel Evolution sal tot die kandidaat se voordeel strek.
- Moet rekenaarvaardig wees en moet gemaklik werk met die Microsoft-produkreeks, veral Excell.
- Moet noukeurig, georden en detail georiënteerd wees met 'n hoë vlak van akkuraatheid, onder druk kan funksioneer en nie aan kantoorure gebonde wees nie.
- Moet goed in spanverband kan werk.

#### Vernaamste verantwoordelikhede

- Verwerking van grootboek transaksies en rekonsiliasie van hulpboeke, bankstate, kredietkaarte en intergroep transaksies.
- Krediteure, aankope, maandsluitings en rekonsiliasies.
- Instandhouding van interne beheerprosedures.
- Finansiële datasuiwering en administrasie.
- Verskaf bestuursondersteuning en proaktiewe afwykingsverklarings.
- Hulp met begrotingsamestelling, finansiële bestuursverslae en projeksies.
- Verseker dat die ATKV se finansiële beleid en prosedures nagekom word.
- Administratiewe take vir die finansiële afdeling.
- Bestuur en beheer van voorraad en bates volgens die interne beheeromgewing.

As jy vir só 'n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Therina Crous by [BPBetrekings@atkv.org.za](mailto:BPBetrekings@atkv.org.za)

ATKV-Bufferpoort, Privaatsak X222, Mooiooi, 0325

Sluitingsdatum: **22 Maart 2023 voor 12:00.**

Gebruik as verwysing: **BPFIN02**

**As jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**



[www.atkvoorde.co.za](http://www.atkvoorde.co.za)



ATKVOORDE



atkvoorde



ATKV-oorde

